

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Februarie 2023 Uitgawe 2

Eskom-herstel sal nog tyd verg

Picture: Unsplash.com

Eskom kyk na die moontlikheid om fase 2 en 3 van beurtkrag oor die volgende twee jaar te implementeer om kragstasies die geleentheid te gee om instandhoudingskwessies te hanteer en die voorspelbaarheid van krag vir Suid-Afrikaners te verseker.

So het Eskom se raadsvoorsitter, Mpho Makwana, onlangs gesê tydens 'n virtuele media-inligtingsessie oor die kragvoorsiener se stelseluitdagings en 'n aanbieding van die kragvoorsiener se omkeerplan.

“Ons wil seker maak dat ons 'n mate van voorspelbaarheid skep deur een of ander vlak van 'n permanente stadium van fase 2- en 3-beurtkrag vir die volgende twee jaar te implementeer om genoeg ruimte vir instandhouding te bied, terwyl dit Suid-Afrikaners 'n vlak van voorspelbaarheid of konsekwentheid gee om hul lewens beter te beplan.”

“Om binne 'n kort tydjie van een fase [van beurtkrag] na 'n ander oor te skakel, is nie goed vir enige besigheid in enige konteks binne ons gemeenskappe nie,” het Makwana gesê. Hy het verduidelik dat hierdie stap deel is van 'n breër plan om Eskom se ou kragstasies te hergebruik.

Makwana het Suid-Afrikaners verseker dat spanne by kragstasies regoor die land “hard werk om beter” betroubaarheid te verseker.

Draai dit om

Makwana het gesê Eskom se herstelplan sluit geteikende herstel van die Kendal-, Matla-, Majuba-, Duvha-, Tutuka- en Kusile-kragstasies in om die huidige beurtkraguitdagings die hoof te bied.

“Hierdie stasies moet geprioritiseer word deur die beste talent en voldoende kapitaal te ontwikkel.

“Deur hierdie ses kragstasies en die bykomende eenheid by Kusile (wat na verwagting in Julie weer op die netwerk sal wees) betroubaar te maak, sal beurtkrag binne 24 maande beëindig word soos ons voorheen

Vervolg op bl. 2



Join the Woza Matric programme

Page 2

BLY VEILIG

WORD INGEËNT OM SUID-AFRIKA TE RED

SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN



Apply to join the SANDF Military Skills Development System before 28 February

Page 5



Om Vuk'uzenzele te lees, laai die GOVAPP af by:



Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Webwerwe: www.gcis.gov.za

E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0303

Tshedimosetso House:


1053 hv Frances Baard- en Festivalstraat, Hatfield, Pretoria 0083

GRATIS NIE TE KOOP NIE

Vanaf bl. 1

aangedui het. Ons moet ook die bes presterende kragstasies soos Matimba, Medupi en Lethabo beskerm en bewaak sodat dit nie agteruitgaan nie," het Makwana gesê.

Die raadsvoorsitter het beklemtoon dat hoewel die kragvoorsiener uitdagings in die gesig staar, dit nie onmoontlik is nie. Hy het verder 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om met die kragvoorsiener saam te werk, aangesien dit tot 'n ommekeer tot voordeel van almal sal werk.

"Die ondersteuning wat Eskom van alle Suid-Afrikaners verg, is om elektrisiteit spaarsaam te gebruik," het Makwana gesê. 

Wat het die regering gedoen om die probleem op te los?

Sedert 2018 is heelwat gedoen om die probleme in ons elektrisiteitstelsel op te los:

- Eskom se direksie en uitvoerende leierskap, wat deur staatskaping gekompromitteer is, is deur gekwalifiseerde individue vervang.
- Veranderinge aan Eskom se struktuur om 'n afsonderlike staatsbeheerde transmissie maatskappy te skep, het begin. Hierdie maatskappy sal elektrisiteit by verskillende produsente, insluitend Eskom, teen 'n mededingende prys kan koop, wat die betroubaarheid van voorsiening sal verbeter.

- Die program vir hernubare energie is opnuut aangevuur, met 2 200 MW wat tot dusver aan die netwerk gekoppel is en nog 6 800 MW in verskeie stadiums van verkryging.
- Regulasies is in Julie 2021 verander om private vasgelegde opwekkingsprojekte van minder as 100 MW vry te stel van die behoefte om 'n lisensie van die reguleerder, NERSA te verkry. Dit is wanneer maatskappye elektrisiteit opwek vir hul eie gebruik asook om aan ander gebruikers te verkoop. As gevolg van hierdie veranderinge is daar nou sowat 100 sulke projekte in die vooruitsig met 'n kapasiteit van altesaam meer as 9 000 MW. In Desember 2022 is die 100 MW-perk heeltemal verwyder.



Wat kan ek doen om energie te bespaar?

- Moenie toestelle en toebehore aan laat wanneer dit nie nodig is nie, skakel die kragkakelaar af.
- Wanneer jy 'n vertrek of gebou verlaat, onthou om die ligte af te skakel.
- Maak seker dat jy energiebesparende gloeilampe (LED's) gebruik wat ook langer hou.
- Gebruik die kouewaterkraan eerder as om die geiser elke keer te betrek.
- Gebruik water met oorleg, byvoorbeeld stort byvoorbeeld eerder as om te bad – dit bespaar water en krag.
- Maak seker dat die deure van jou yskas en vrieskas dig sluit, dat jou yskas en vrieskas op 'n koel plek staan en dat dit nie vas gevries is nie – dit sal help om hulle doeltreffender te laat werk.

WOZA matric 2023

South Africans who are interested in upgrading their grade 12 results, taking part in the Second Chance programme, or would like to get good marks in their matric year have an opportunity to be part of the WOZA matric programme.

National Education Collaboration Trust (NECT) and the Department of Basic Education (DBE) joined forces and launched the Remote Digital Learning programme (RDL).

This was following the



Picture: Unsplash.com

difficulties experienced in online learning during the different stages of lockdown as a result of the COVID-19 pandemic.

Fast forward to 2023, the campaign continues to address systemic learning

challenges, digital inequality and system capacity constraints

The RDL campaign has assisted in bridging the learning gap by understanding learners' needs and how technology can play

a role in learning journey.


The RDL campaign is also inclusive of the Tswelopele campaign which focuses on grades R to 11.

The Tswelopele and the WOZA Matric programme provide learning continuity, curriculum catch-up, support, revision and exam preparation through multiple digital and non-digital platforms for pupils, teachers and parents.

The Second Chance Matric Programme (SCMP) is a matric rewrite programme that was established in 2016 for learners who would like to improve their results or eventually complete their matric qualification on a part-time basis.

During 2021 an average of 5.8 million viewers watched WOZA Matrics on SABC 1 per month. In 2022 from March to October Tswelopele users between the ages of 4 - 65 have been reached with an average reach of about 1, 5 million viewers per month.

Last year 600 000 Grade 12s, including second

chance learners and 600 000 General Education and Training Certificate learners were able to have more opportunities for psycho-social support, curriculum catch-up, revision, and exam assistance. Furthermore, 50 000 teachers and parents or caregivers were provided with opportunities to support their learners with catch-up and revision. 

This information was supplied by the National Education Collaboration Trust (NECT)

For more information about these programmes visit the following websites:

- www.wozametrics.co.za
- www.tswelopele.org.za/about-us/
- www.education.gov.za/Curriculum/SeniorCertificate/SCRegistration...



government communications

Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production
Regomoditswe Mavimbela
Regomoditswe@gcis.gov.za

Acting Editor-in-Chief
Zanele Mngadi | Zanelemngadi@gcis.gov.za

Managing Editor
Tshepo Nkosi | Tshepon@gcis.gov.za

News Editor
Noluthando Motswai

Writers: More Matshediso

Graphic Designers
Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants
Jauhara Khan | Sebastian Palmer

Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatse
Thandolunye Khulu | Mahanyele Ramapala



Vuk'uzenzele
is published by Government
Communications (GCIS)

Distributed by:
ON THE DOT

Printed by:
RISING SUN PRINTERS
The Johannesburg Edition

The material in this publication may be reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means, including photocopying, recording, or other electronic or mechanical methods, without the prior permission of the publisher on condition that this publication shall be credited as the source.



Beëindig beurtkrag saam

Die opskrif 'Unplugged' het onlangs op die voorblad van die Sowetan-koerant verskyn, waarby 'n lys geplaas is van verskeie klein ondernemings regoor die land wat deur die elektrisiteitskrisis lamgelê is. Die sluiting van hierdie besighede dui op die verwoestende uitwerking van voortdurende beurtkrag op mense se lewensbestaan en hul drome vir 'n beter lewe.

Daar is verskeie ander berigte oor die uitwerking van beurtkrag op mense se lewens, oor die ontworting by hospitale, skole, howe en ander openbare dienste. Ons hoor van fabriek wat kosbare ure se produksie verloor, boere wat nie hul produkte vars kan hou nie en beleggings wat teruggehou word.

Aangesien beurtkrag steeds verwoesting op besighede, huishoudings en gemeenskappe saai, is die laaste ding wat Suid-Afrikaners wil hoor verskonings of onrealistiese beloftes. Die eise vir 'n onmiddellike beëindiging van kragonderbrekings is heeltemal verstaanbaar. Almal is keelvol.

Ons is egter in die greep van 'n energiekrisis wat reeds jare lank in wording was.

Hoewel dit maklik is om ons huidige ellende op wanfunksionaliteit by Eskom te blameer, het 'n kombinasie van faktore tot die krisis bygedra. Dit is belangrik dat ons die redes vir die huidige situasie in gedagte hou sodat ons reaksie die oorsake van die krisis aanpak, nie net die simptome nie.

'n Gebrek aan belegging in nuwe opwekkingsvermoë, swak instandhouding van kragentrales, korrupsie en misdaad, sabotasie van infra-

struktuur, stygende munisipale skuld en 'n gebrek aan geskikte vaardighede by Eskom, was die perfekte resep vir hierdie krisis. Daar kan geen volhoubare oplossing wees sonder dat al hierdie faktore in ag geneem word nie.

Ons moenie weer die foute van die verlede maak nie. Vir baie jare is kritieke instandhouding uitgestel en ons kragstasies is te hard aangedryf om die ligte aan te hou. Ons land betaal nou die prys vir hierdie foutiewe berekenings.

Ons moet realisties wees oor ons uitdagings en oor wat dit gaan verg om dit reg te stel. Terwyl ons almal desperaat is om beurtkrag oornag te beëindig, kan ons dit nie doen nie.

Oor die laaste paar dae het ek raadplegende vergaderings gehou met verteenwoordigers van die arbeid- en, sakesektor, tradisionele leiers, geestelike leiers en gemeenskapskiesafdelings. Ek het ook met premiers, metro-burgemeesters en leiers van politieke partye vergader.

In elk van daardie vergaderings het ek beklemtoon hoe belangrik dit is om op koers te bly, in plaas daarvan om met onvolhoubare korttermynoplossings vorendag te kom.

Ek het 'n nasionale energie-aksieplan aangekondig om die werkverrigting van Eskom se kragstasies te verbeter en nuwe opwekkingskapasiteit so spoedig moontlik aan te vul. Hierdie plan was die resultaat van uitgebreide konsultasie en is deur energiekenner onderskryf as die mees realistiese pad na die beëindiging van beurtkrag.

Soos ons maar al te goed weet uit die ervaring van die laaste paar weke, sal baie van die maatreëls in die plan nie in die onmiddellike termyn gevoel word nie.

Daarom gebruik ons elke



middel tot ons beskikking, en doen 'n beroep op elke hulpbron wat ons het, om krag op die netwerk te kry as 'n saak van uiterste dringendheid.

Eskom se vloot steenkoolkragstasies voorsien in die grootste deel van ons energiebehoefte. Daarom fokus Eskom in die besonder op die verbetering van aanlegprestasie. 'n Span onafhanklike kundiges doen 'n diagnose van die probleme by swak presterende kragstasies en neem aksie om die prestasie van aanlegte te verbeter. Ses kragstasies is geïdentifiseer vir spesifieke maatreëls oor die komende maande om bykomende kapasiteit te herwin.

Eskom werk ook daaraan om Kusile-eenheid 5 teen September vanjaar aan die netwerk te koppel. Elke dringende poging word aangewend om ander eenhede by Medupi, Kusile en Koeberg met aansienlike kapasiteit te herstel.

Eskom het 300 MW se kapasiteit van buurlande ingevoer. Daar word tans onderhandel om 'n bykomende 1 000 MW te verseker. Eskom werk ook daaraan om vir 'n tydperk van drie jaar surplus krag van maatskappye met beskikbare opwekkingskapasiteit te koop.

Die regering het ooreen-

komste vir 25 projekte van bodvensters 5 en 6 van die program vir hernubare energie onderteken, en hierdie projekte sal binnekort met konstruksie voortgaan. Gesamentlik verteenwoordig hulle 2 800 MW se nuwe kapasiteit.

Om die algehele voorsiening van elektrisiteit te verhoog, benewens wat Eskom verskaf, het ons stappe gedoen om aansienlike investering deur private kragprodusente in nuwe opwekkingskapasiteit moontlik te maak. Die lisensievereiste vir vasgelegde opwekkingsprojekte is verwyder. Sedert ons die lisensieringsdrempel vir die eerste keer tot 100 MW verhoog het, het die pyplyn van projekte in die private sektor tot meer as 100 projekte gegroei met meer as 9 000 MW kapasiteit.

Ons het rompslomp geskrap en regulatoriese prosesse vereenvoudig, wat die tydraamwerke vir omgewingsmagtigings, registrasie van nuwe projekte en goedkeurig vir netwerkaansluitings verminder.

Nog 'n groot bron van nuwe opwekkingsvermoë is sonpanele op die dakke van huise en besighede.

'n Prysstruktuur sal binne-

kort voltooi word, wat kliënte in staat sal stel om surplus-elektrisiteit van sonpanele op hul dakke in die netwerk te verkoop.

Ons kan almal 'n rol speel deur vir die elektrisiteit wat ons gebruik te betaal. Die enorme skuld wat munisipaliteite aan Eskom verskuldig is, het 'n ernstige uitwerking op Eskom se vermoë om kritieke instandhouding te finansier.

Al die belanghebbendes wat ek ontmoet het, het sonder uitsondering hul waardering uitgespreek oor die erns, die diepte en die kompleksiteit van die uitdagings wat ons in die gesig staar. Almal het hulle daartoe verbind om enige maatreëls te tref wat nodig is om ons elektrisiteitstoevoer te herstel en sodoende voort te gaan om Suid-Afrikaners se lewens te verbeter.

Hoewel ons nie dadelik beurtkrag kan beëindig nie, is ons seker dat as ons daadwerklik en dringend saamwerk om die Energie-aksieplan te implementeer, beurtkrag geleidelik al hoe minder ernstig sal word. Deur kollektiewe optrede sal ons baie gouer die punt bereik waar ons genoeg krag het om beurtkrag heeltemal te beëindig. **U**